

23 Maart

Skrifgedeelte: Genesis 43:1-34

Die loutering ken geen einde nie

Die eerste reis van Josef se broers na Egipte was 'n nagmerrie. Hulle is as spioene beskou en drie lank aangehou. Simeon is in die tronk gesit en hulle moes sonder hom terugkeer huis toe.

Toe hulle kos begin opraak, moet hulle weer terug na Egipte, maar hulle mag nie sonder Benjamin gaan nie. Die keuse is eenvoudig: óf hulle gaan almal dood óf Benjamin moet saamgaan, met al die risiko's daaraan verbonde. So kom 'n mens soms in situasies waar die keuse moeilik is. Kies jy die een moontlikheid, het dit hierdie nadele. Kies jy die ander moontlikheid, het dit weer daardie nadele.

Jakob moet voel asof sy hartseer geen einde ken nie. Eers is Josef dood, toe word Simeon teruggehou en nou moet hy nog vir Benjamin ook prysgee. Ook vir Josef se broers moet dit voel asof hulle loutering geen einde ken nie. Hulle ervaar die een beproewing na die ander. Tog het God 'n doel hiermee, naamlik om hulle na Egipte te stuur sodat hulle met Josef verenig kon word en uit Egipte se skure gevoed kon word.

Wanneer dit soms vir ons voel asof ons loutering geen einde ken nie, moet ons onthou dat God dalk besig is om ons na kosbaarder skatte te lei. Christus het uit die dood opgestaan. Daarom het ons 'n lewende hoop op die saligheid. Omdat ons glo, word ons deur die krag van God veilig bewaar vir die saligheid.

Sing: Psalm 130:1,4

Ds JL van der Schyff (Petrusburg/Boshof)